## Om Jesus Christus se volgeling te wees vra opoffering en toewyding

**Lees: Markus 8: 34 – 9: 1** **Teks: Markus 8: 34**

Hoe wonderlik is dit nie om te kan bely dat jy kind van die Here of dissipel van die Here is nie. Maar om dissipel of kind te wees vra baie van jou. ‘n Dissipel is iemand wat saamloop, iemand wat die pad en die lewe van die leermeester meemaak. Dit is presies wat die 12 dissipels gedoen het in die tyd wat Christus op aarde was. Alles wat Hy deurgemaak het moes hulle deurmaak. Behalwe die kruisiging waar hulle weggehardloop het.

Maar van ons word vandag dieselfde toewyding verwag. Ons moet ook as dissipels van Christus Hom navolg. Hierdie gedeelte gee vir ons die stappe wat ons as dissipels moet volg.

Verloën jouself
Christus is besig om Sy dissipels te leer oor hulle roeping en begin in vers 34 met die gedagte dat hulle hulleself moet verloën. Dit herinner aan die woorde van Paulus in Efesiërs 4: 22 -24 waar hy praat van die gedagte om die ou mens af te lê en jou te beklee met die nuwe mens (HK Sondag 33).

Dit beteken dat jy moet ophou om op jouself te vertrou en nie jouself in die middelpunt van jou eie lewe te stel nie. Christus moet die middelpunt word. Die EIE EK moet gekruisig word. Die keuse wat jy maak moet altyd God en Sy wil eerste plaas in die lewe. Maar dit is nie altyd maklik om dit te doen nie. Dit is somtyds baie swaar. Daarom die volgende gedagte.

Neem jou kruis op
Dit beteken om die dwarsbalk te dra. Dit het Christus gedoen op pad na Golgota toe. Dit was so swaar dat Simon van Sirene Hom moes help. Dit was nie maklik nie. Gewoonlik was hierdie ‘n pad wat veroordeeldes moes stap na aanleiding van hulle misdaad. Onwillig na hulle dood.

Hier stap Jesus die onskuldige gewillig na Sy dood omdat Hy besig is om Sy roeping te vervul. Hoe moeilik dit ookal moes gewees het weet ons nie. Maar so word ons gevra om ons kruis te dra. Nie alleen nie maar onder leiding van die Heilige Gees in ons lewens. God staan ons by. Jesus nooi ons self uit in Mattheus 11: 28 om na Hom te kom want Sy las is lig en Sy juk is sag.

Wat egter belangrik is, is die feit dat ons moet dra. En op hierdie wyse is ons besig om Jesus Christus as ons leermeester te volg. Daarom die laaste gedagte.

Volg My
Dit beteken om in Sy voetspore te loop, sy bevele te gehoorsaam en dit alles in dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader. Hy het ons gered en Hy het ons ‘n nuwe lewe gegee.

Al hierdie dinge met die regte gesindheid.  'n Gesindheid van hoe ek alles in die stryd moet werp om God gehoorsaam te wees.

Gevolglik sal ons dan die heerlikheid van God in ons lewens beleef.  God sal Hom nie vir jou skaam as Hy die dag kom met die heilige engele nie.

Die tyd van hierdie volgelingskap of dissipelskap is vir die dissipels net om die draai.  Binnekort gaan Christus nie meer met hulle wees nie.  Hy gaan hulle verlaat en die Heilige Gees sal uitgestort word en sodoende sal die woorde van Christus vervul word en hulle roeping in alle erns begin met die wete dat hulle hulleself sal moet verloën, hulle kruis dra en Hom volg.

So ook vir my en jou in hierdie krom en verdraaide wêreld waarin ons lewe dat ons op dieselfde wyse gelei deur die Gees van God, ons self moet verloën, ons eie kruis opneem en die pad loop wat die Here voor ons uit geloop het.

**Ds. Neville Boy**
**22 Julie 2018**